# Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 12 Maart 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Wat 'n voorreg dat ons vanmore saam die Sakrament van die Nagmaal kan vier! Lidmate van ander gemeentes wat aansoek gedoen het om saam met ons te vier, word hartlik daartoe uitgenooi. Mag die Here ons vanmore in hierdie ontmoeting met sy Woord en Sakrament versterk, vertroos, vermaan en bemoedig.

Ons het verlede week uit 2 Kor. 1: 3 en 4a die wonderlike troosvolle boodskap ontvang dat God, ons Vader, ons kan en wil help en troos in ons swaarkry en dat ons op Hom moet vertrou.

Paulus het in sy lewe ervaar dat die wyse waarop God hom in sy diepste beproewinge gehelp het, hom toegerus het om ook ander mense in nood te help. Uit 2 Kor 1: 4b en verder word dit duidelik dat om ander in nood te help nou inderdaad 'n opdrag aan gelowiges word. Ons gesamentlike verbondenheid aan Christus bring vir ons almal baie lyding maar dit bied ons ook 'n oorvloed van troos en hoop. Dit is hierdie oorvloedige troos in Christus waarmee ons mekaar moet bemoedig.

Net soos Christus nie op 'n afstand gebly het toe ons in die nood was nie, maar na ons toe gekom het om by ons te wees en ons te help, so moet ons ook iets van ons lewe opoffer om ander in nood te help. Jesus het nie 'n WhatsApp uit die hemel gestuur nie, Hy het self gekom om te help, daarvan is die Nagmaal vanmore 'n tasbare getuienis!

Net soos ons saam deel het aan die brood en wyn so moet ons ook aan mekaar verbind wees in tye van beproewing en Christus aan mense in nood bedien.

**Tema: Troos, bemoedig en gee mekaar hoop met die oorvloedige bemoediging wat Christus ons bied.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 147 - 1: 1, 2, 4 en 5

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Sb 11 - 2: 1, 2, 4 ; Votum; Seën; Loflied Sb 5 - 3: 1, 2; Geloofsbelydenis: HK Sondag 12

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Romeine 12: 1 - 16; Sing Sb 9 - 3: 1, 2; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: 2 Korintiërs 1: 3 - 11
Teksverse: 2 Kor 1: 4b en 5;
Woordverkondiging; Sing: Lied 577: 1, 2, 3, 4, 5

**Sakramentbediening**
Nagmaalsformulier met aksente deur
J Calvyn; Sing Sb 17 - 3: 1, 2; Bediening van die Nagmaal; Sing aan tafel: Ps 116 - 1: 7, 10; Gebed

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing Lied 530: 1, 2, 3; Seën; Amenlied:
Sb 13-3.

## GROEPBEDIENING

Soos gereël in onderskeie groepe.

## MEELEWING

- Oom Andries du Plessis is in Die Wilgers Hospitaal in Pretoria opgeneem om ‘n voedingsbuis in sy maag te plaas aangesien hy te swak word omdat hy nie met die kaak en keelprobleme behoorlik kan eet nie.
- Tannie Marie Saaiman wat al reeds vir ‘n geruime tyd aan erge dimensie ly, bykans niemand meer herken nie en in Samuel Broadbent versorg word, het Covid opgedoen en word in Medikliniek se ISE behandel.
- Anna Smith het ‘n erge keelontsteking opgedoen.
- Danie de Waal het ‘n knievervanging in Klerksdorp ondergaan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Marie Oosthuizen, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

## ONS VERWELKOM

Ammi Pelser wat met attestaat by ons aansluit vanaf GK Bethlehem. Hy woon in die Teologiese Skool woonstelle, nr 5, Groep 29. Hy is ‘n vierde jaar teologiese student.

## ONS GROET

- Jan-Ernst Oosthuizen wat met attestaat vertrek na GK Totiusdal.
- Bernard Stavast wat met attestaat vertrek na GK Wierdapark.

## DIE VOLGENDE NAME WORD TER APPROBASIE VOORGEHOU VIR DIENSWERK IN DIE AMPTE:

**Ouderlinge:** Wikus van Niekerk, Johan v Rooyen en Gerrit J v Rensburg.
**Diakens:** Divan Greyling.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens: Nagmaal
Tee, koffie en sap
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Nagmaal-ete
Groepbediening

**Maandag**
18:00 Kersmark

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie Gr 8 - 10

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
17:00 “Griefshare”
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

**Vrydag**
Belydenisklaskamp 17- 21 Maart

## 2023 BELYDENISKLAS GAAN KAMP

Ons is bevoorreg om vanjaar 9 katkisante in die belydenisklas te hê. Hulle is Roelf de Bruyn, Hanré Delport, Heloïse Freeke, Coralie Geyer, Mardenique Hansen, Lara Naude, Ryno Schutte, Christiaan Turkstra, Luanke van As.

Hulle vertrek DV Vrydag op die jaarlikse belydeniskamp en keer Dinsdag weer terug. Ons bid dat hulle baie geloofsgroei sal ervaar tydens die intensiewe toerustingsgeleentheid. Hulle sal DV op 16 April belydenis van hulle geloof voor die gemeente aflê.

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks en klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Teol. Studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 2 en 3.

**Hulp aan rampbehoewendes in Turkye:**
Ons spesiale kollekte vir die doel het R 6,744.63. opgelewer en die Diakonie sal R 7000.00 oorbetaal om die mense daar by te staan.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 12 Maart**
Sr Beatrix Coetzee *
Br Lukas Niemand
Sr Rita Schutte *
Jbr Etienne Steenkamp
Br Nardus v Zyl

**Maandag, 13 Maart**
Br Hennie Kilian
Jbr Thinus Vorster

**Dinsdag, 14 Maart**
Jbr Rico Heystek
Sr Marthie Schoeman
Jsr Carli Styger
Sr Lolani vd Merwe
Sr Em Volschenk

**Woensdag, 15 Maart**
Jbr Renso v Niekerk

**Donderdag, 16 Maart**
Sr Dané Greyling
Br Kobus vd Walt

**Vrydag, 17 Maart**
Br Andreas Alberts

**Saterdag, 18 Maart**
Sr Sanet Heystek
Br Hugo Huisman

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## AMANDELBLOEISELS

Spoedvang na uittrede
Die boonste deel van die lidmaatgrafiek van ons gemeente is opreg dankbaar vir hierdie tydperk in ons lewens wat die Here ons in gesondheid en lewenskrag dra. Ons streef na nuwe uitdagings en stel nuwe doelwitte om die tyd sinvol te bestuur.

Ons gaan Woensdag 22 Maart om 10:00 in die Skuur meer leer oor die wie, wat, waarvoor en hoekom van die Potchefstroom Dienssentrum as die voertuig en hulpmiddel vir sinvolle spoedregulering.

Almal word hartlik uitgenooi!

## "GRIEFSHARE"- BEDIENING VIR ROUVERWERKING

Die huidige siklus van ons "Griefshare"-bediening sluit op 23 Maart af. Ons is baie dankbaar vir hierdie wonderlike hulpmiddel wat ons kan gebruik om mense wat die verlies van geliefdes moet verwerk, te kan bystaan. Baie dankie aan Carina Coetsee wat hierdie siklus aangebied het en as gevolg van persoonlike omstandighede nie met die volgende siklus kan help nie.

Ons nooi van harte lidmate en ook mense buite die gemeente uit om aan te meld indien u ook hierdie rouverwerkingbediening wil meemaak. Mariana Plotz (082 456 8023) gaan die volgende siklus aanbied. Gee jou naam by haar of by ds Piet op.

## "DIE GEBED VAN 'N GELOWIGE HET 'N KRAGTIGE UITWERKING" JAK. 5:16

In die lig van wat die Here ons leer oor gebed en voorbidding wil ons graag elke lidmaat betrek by ons Gebedsbediening in die gemeente. Ons Gebed-diensgroep sal elke week 'n kort WhatsApp stuur en enkele sake vir voorbidding onder u aandag bring. Heelwat lidmate is nie bewus van wat Sondae in die nuusbrief onder meelewing genoem word nie en kan dus nie daarvoor saam bid nie. Ons vertrou dat die weeklikse herinnering jou sal help om in jou persoonlike gebed of met huisgodsdiens saam te bid soos die Here ons beveel.

## BYBELVASVRA

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het aan 'n heerlike aand. Baie dankie aan Barend vir al sy moeite met die reëlings om die aand moontlik te maak!

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds AJ (Andries) Burger van GK Pinetown na GK Empangeni.

## VERSOEK VAN DIE KOMMISSIE VIR FINANSIëLE ONDERSTEUNING AAN TEOLOGIESE STUDENTE

Liewe broeder/suster
Die Kommissie vir Finansiële Ondersteuning [KFO] van die Teologiese Skool vra dringend lidmate se hulp. Daar word gesoek na skenkings van enkelbeddens met matrasse, studeertafels, yskaste, mikrogolfoonde, linne, komberse, kussings, breekware, ens. om ons behoeftige studente te help. Die KFO is tans besig om 3, moontlik 4 studente te help met behuising. Die studente se tuisgemeentes kan geen finansiële bydraes maak nie en is die KFO genoodsaak om hulp by die gemeentes/lidmate in Potchefstroom te vra.

Geldelike bydraes sal ook welkom wees – die nodige sal dan aangekoop word. Skakel vir dr. Wymie du Plessis by die Admin Buro by 083 575 5786 as iemand kan help – sy sal reël dat die goedere afgehaal word.

## KENNISGEWINGBORD

- Wanneer Jesus weer kom, waar sal ek wees? Boek geskryf deur Hans Malan. Beskikbaar by die Adminburo.
- Amelia hou basaar: Saterdag 25 Maart om 09:00

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion



# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Annarie Oelofse en groep 33.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE




Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## DANKIE

Baie dankie aan Ment Larney en al die susters van blok C vir 'n groot bederf-ete vandag!



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |